Radio Feba

**Oekraïne** se jongmense ken verlies, dood van geliefdes, vrees vir aanvalle en om opgeroep te word om te veg. “Ek weet wat jy bedoel” is ’n nuwe Feba Radioprogram vir tieners. Die program verskaf ’n ruimte waar hulle, hulle gevoelens kan bespreek en dit voorsien geestelike hulp. Die twintigjarige Varya voer gesprekke met jong werkendes, soldate wat terugkeer en jong pastore wat almal hulle ervarings en getuienisse deel. Hulle moedig tiener-luisteraars aan om deel te neem aan die gesprekke. Bid dat dit vir hulle hoop sal bring.

230 000 Bozo-mense van **Mali** is vissers en woon hoofsaaklik langs die Nigerrivier in Wes-Afrika. Dis moeilik om hulle te bereik want hulle kan slegs die Bozo-taal praat. Hulle is Moslem, maar aanbid ook voorvaders. Daar is slegs vyf bekeerlinge. Hulle word vervolg deur die gemeenskap en moet Christus in die geheim dien, daarom is Feba Mali se uitsendings vir hulle ’n uitkoms.

’n Groep weduwees en gestremde vroue van **Mozambiek** gee lewe aan Bybel-stories vir die vroue in hulle gemeenskap. Die groep word opgelei deur Feba se Fot (Fountain of Truth) Radiostasie om stories en radiodramas te skryf en te vervaardig. Feba lei ook voormalige Moslem-vroue en vroue van Zambezia op en ook vroue in Malawi se twee tale.

Joana se man is deur Jihadiste vermoor. Sy sê: Dis ’n seën om my passie vir stories vertel met my nuwe geloof te kombineer. “Ek vervaardig nou Bybelse dramas met die doel om die boodskap van hoop, verlossing en liefde met ander luisteraars te deel.”